VERENIGING VIR TUISONDERWYS
CURAMUS
ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Postnet 165
Privaatsak / Private Bag X855
Pretoria, 0001

epos / email : *contact@sahomeschoolers.org*
Tel : 082 907 9696

AJV 2008 : Voorsitter verslag

Eers wil ek net ’n vinnige oorsig gee van hoe die vereniging verander het oor die laaste jare. Die Vereniging is gestig voor die Internet nog algemeen beskikbaar was. In daardie tyd het dit geld gekos om d.m.v. briewe en faks te kommunikeer. Om die rede moes die vereniging ledegeld vra vir die verrigting van sy funksie. Om lidmaatskap en ledegelde te administreer, het baie tyd en moeite vereis. Omdat die vereniging die kommunikasie infrastruktuur gehad het om met tuisskolers te kommunikeer, was dit ook die vereniging wat in die verlede byeenkomste soos kurrikulum uitstallings gereël het.

Met die koms van die Internet, het kommunikasie baie goedkoop geword. Dit was nie meer noodsaaklik om ledegelde in te samel om te kommunikeer nie. Dit was nie meer vanselfsprekend dat die vereniging uitstallings en allerhande samekomste reël nie. Die tyd en moeite wat gepaard gaan met die insameling en administrasie van ledegelde, kon nie meer geregverdig word nie. Om die rede het die vereniging in 2005 weggedoen met ledegelde, en sy fokus teruggeskuif na sy oorspronklike doelwit, naamlik om die tuisskool gemeenskap te verteenwoordig by owerhede en by die media.

Tot 2007 is al die stappe geïmplementeer wat tydens die AJV van 2005 besluit is. Die bankrekening van die vereniging is gesluit en die bates van die vereniging is verkoop. Die oorblywende gelde is oorbetaal aan die Pestalozzi Trust, om oor tyd aangewend te word vir aktiwiteite van die Vereniging.

Tydens die AJV van 2007 is besluit hoe om vorentoe te gaan met die vereniging. Op hierdie AJV het ek nou die voorreg om te rapporteer oor die vordering wat gemaak is met hierdie besluite.

’n Webtuiste is vir die vereniging geskep by http://tuisonderwys.ning.com/ . Die webtuiste maak van NING gebruik, ’n web gebaseerde stelsel om sosiale netwerk mee te bou. Daar is besluit op hierdie fasiliteit, aangesien dit binne ’n kort tyd byna al die fasiliteite kan verskaf wat ons benodig. Op die webtuiste is die volgende fasiliteite:

- Persone wat verklaar dat hulle tuisonderwys gee kan aansluit by die netwerk. Tans het 48 persone aangesluit.
- Die visie van die vereniging word vertoon in ’n blokkie
- Inligting oor die vereniging word vertoon in ’n blokkie
- Daar is ’n blog waarop nuusberigte geplaas kan word, en lede kan kommentaar daarop lewer
- Inligting oor Tuisonderwys geleenthede word geplaas in ’n Tuiskoler Dagboek blokkie
- Koppelings na ander tuisonderwys organisasies word geplaas in ’n blokkie
- Foto's word geplaas in ’n blokkie
- Debatte kan gehou word op ’n forum fasiliteit

Daar is 2 domeine geregistreer wat wys na hierdie webtuiste van die vereniging, naamlik www.tuisskolers.org en www.sahomeschoolers.org

Nadat die Duitse Regering sy vervolging van tuisskolers geïntensiveer het, het die Vereniging begin met ’n veldtog teen die Duitse Regering. Hierdie veldtog het uit die volgende bestaan:

- Die Vereniging het ’n brief geskryf aan die Duitse ambassade
- Die voorsitter het ’n telefoniese gesprek gehad met ’n verteenwoordiger van die Duitse ambassade
- ’n Betoging is gereël by die Duitse Skool in Pretoria. Hierdie betoging het uit ’n statiese plakkaatvertoning, die teken van ’n petisie en die uitdeel van plakkate bestaan.
- ’n Webtuiste is geskep waar alle inligting rondom die vervolging van tuisskolers in Duitsland gestoor word. Die webtuiste kan gesien word www.bremen-memorial.org
- ’n Aanlyn petisie is geskep waar die publiek hulle steun vir die veldtog kan aanteken. Die petisie kan gesien word by http://www.mypetition.co.za/index.php?page=sign_petition&petition_id=37
- ’n “Cause” is op Facebook geskep, waar lede van Facebook hulle steun vir die saak kan aanteken.

In die AJV van 2007 is vermeld dat die nasionale departement van onderwys op tender gegaan het vir kontrakteurs om inligting te versamel oor tuisonderwys. Op grond daarvan is verwag dat die departement in die loop van 2007 sal poog om hierdie inligting te gebruik om wetgewing rondom tuisonderwys te verander. Die navorsing is wel afgehandel. In ’n artikel in die Natal Mercury het die provinsiale minister vir onderwys in Natal, me. Ina Cronje beweer dat tuisonderwys ’n negatiewe impak het op die ontwikkeling van kinders het. In die artikel is ook verwys na die navorsing wat deur die nasionale departement verrig is. Die vereniging asook ’n groot hoeveelheid ouers het hierop gereageer deur briewe te rig aan die minister sowel as die Natal Mercury.

Een van die belangegroepe wat ressorteer onder die vereniging is Aksie Reformatoriese Tuisonderwys (ARTO). Hierdie belangegroep het in Januarie 2008 ’n brief op die poslys van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika versprei, waar ouderlinge opgeroep is om gemeentelede bewus te maak van die eed wat die onderwysdepartement beplan om in te voer.

Daar is tydens die AJV van 2007 besluit om die AJV vir 2008 op die Internet te hou. Weens die interaktiewe aard van ’n werklike vergadering, is besluit om die AJV vir 2008 tog weer tydens die Kurrikulum Expo te hou.

1) Lorraine van Dyk vir die beskikbaarstelling van ‘n tydgleuf tydens die Kurrikulum Ekspo vir die AJV van die vereniging.

2) Die Pestalozzi Trust administrasie van die fondse van die vereniging en vir die bydrae wat hulle gelewer het tot die organisering van die betoging by die Duitse Skool.

3) Die ouers wat briewe geskryf het aan die Natal Mercury.

_____

Voorsitter

1 Maart 2008